



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

**VISUELE KUNSTE V2
(PRAKTIES)**

PUNTE: 100

TYD: ONDERWERP 1: Moet gedurende die 2^{de} kwartaal by die skool en/of tuis
gedoen word [50].

ONDERWERP 2: Moet onder gekontroleerde omstandighede gedurende
die 3^{de} kwartaal SLEGS by die skool gedoen word; 'n
minimum van 6 uur en 'n maksimum van 24 uur [50].



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES AND INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

ONDERWERP 1: BRONBOEK

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

2. Beantwoord AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.
3. Jou Visuele Kunste-onderwyser moet hierdie eksamen inlei en fasiliteer.
4. In hierdie eksamen sal daar van jou verwag word om die volgende vaardighede te demonstreer:
 - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op 'n projek-opdrag.
 - Toon 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van 'n reeks materiale en tegnieke.
 - Los visuele en konseptuele probleme op met die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur 'n persoonlike en ekspressiewe visuele taal te gebruik.
 - Bestuur tyd en die werksproses doeltreffend en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.
5. Jou voorbereidende visuele kunste praktiese eksamen vir Graad 12 verteenwoordig een van die hoogtepunte van jou Visuele Kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal op hoë vlak ten toon gestel word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars en oorspronklike wees en jou persoonlike ervaring oordra.
6. Lees die ADDENDUM op bladsy 13, wat riglyne vir nuwe-media/multimedia en fotografie bevat.

ONDERWERP 1: BRONBOEK**Gekonseptualiseer deur die ontwikkeling en realisering van kreatiewe idees.**

Die bronboek vorm 'n belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Jy mag by die skool sowel as tuis hieraan werk. Dit bied insig oor hoe jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet al die denkprosesse wat tot die skep van die kunswerk gelei het, duidelik oordra.

Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk UITGEDINK, ONTWIKKEL en GESKEP is deur tekenwerk, eksperimentering en skryfwerk. Dit moet jou INDIVIDUALITEIT en KREATIWITEIT as 'n Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.

Merk hierdie bronboek duidelik as eksamenwerk en bied dit saam met jou finale kunswerk, ONDERWERP 2, aan.

Direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.

As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale kunswerk te ontwikkel en moet jou kreatiwiteit as kuns-kandidaat weerspieël deur esteties opwindend en kreatief in die aanbieding daarvan te wees.

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg.

Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunstlokaal voltooi word.

ALGEMENE RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die **praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gekies het**.
2. Jy kan jou werk aanbied as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.
3. **Die kunswerk mag NIE uit die klaskamer verwyder word NIE. Dit word as 'n eksamen-onreëlmatigheid beskou.**
4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek VOORDAT jy met die finale kunswerk begin.
5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.
6. Onthou die belangrikheid van kunselemente en beginsels soos **lyn, vorm, kleur, tekstuur, toonwaarde, ruimte, ritme/beweging, balans, harmonie, verhouding, gradering, verskeidenheid en komposisie**.
7. Daar is geen spesifieke voorskrifte rakende die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, abstrak, konseptueel ensovoorts wees.
8. Jy mag ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

TEMA

EENHEID EN HARMONIE

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en uit te daag. Dit is oop vir 'n wye reeks vertolkings binne jou spesifieke dissipline. Jou vertolking moet die hoogtepunt wees van die kreatiewe proses waarmee jy in Graad 10 begin het.



FIGUUR 1: Voormalige Staatspresident van Suid-Afrika, FW de Klerk, en Nelson Rolihlahla Mandela hou hande vas - 'n manier om 'n band te smee en eenheid te simboliseer tydens onderhandelinge vir die Nuwe Demokratiese Suid-Afrika.

Definisies:

Eenheid word gedefinieer as een of 'n enkele of 'n individu, as gevolg van die interkonneksie van dele; harmonie tussen persone ens.; 'n ding wat 'n komplekse geheel vorm.

Harmonie word gedefinieer as 'n kombinasie van musikale note wat gelyktydig gehoor word om akkoorde en akkoorde progressie te produseer; ooreenkoms, verbinding.

Eenheid en Harmonie verwys na die heelheid wat geskep word as gevolg van die suksesvolle kombinasie van die kunselemente in 'n kunswerk waar alles goed saam pas en 'n aangename geheelbeeld skep.

Hierdie tema kan beskrywend, simbolies of meer metafories wees. Deur van jou navorsingsmateriaal gebruik te maak, moet jy 'n oorspronklike en kreatiewe oplossing vind om 'n waarlik individuele/persoonlike interpretasie van **EENHEID** en **HARMONIE** te skep.

Kunstenaars het hierdie tema op hul eie maniere en met hulpmiddels en tyd ondersoek en geïnterpreteer!

Bestudeer en verken die volgende foto's as verwysing vir inspirasie. Oorweeg die definisies van die woorde 'eenheid' en 'harmonie' soos hierbo gegee.

Hou in gedagte dat die aangehegte foto's nie gebruik mag word vir kunswerke wat deur jou geskep word vir beide ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 nie. As dit gebruik word, moet 'n totaal nuwe benadering en komposisie ondersoek word!



FIGUUR 2: John Muafangejo: *Hoop en Optimisme*, linoosnee, 1984.

John Muafangejo gebruik beide hierdie beginsels in dié kunswerk. 'n Kombinasie van swart en wit figure verteenwoordig swart en wit mense wat hande vashou en simboliseer dus eenheid. 'n Kombinasie van vertikale swart en wit vorms wat na aan mekaar geplaas is lei tot eenheid in die komposisie.




FIGUUR 3: Henri Matisse, *Harmonie in Rooi*, olie op doek, 1908.


Henri Matisse gebruik nie-verteenvoordigende kleure, maar lê steeds klem op eenheid. Die verskeidenheid vorms en lyne word hier verenig deur die rooi kleur.



FIGUUR 4: Maphazi Zinhle Nene, *Ardmore, Krokodil*, geverfde klei, ongedateerd.




FIGUUR 5: Norman Catherine, *Oorskot van 'n Ander Man*, gemengde media, 1988.



FIGUUR 6: Gerard Sekoto, *Straattoneel*, olie op doek, ongedateerd.




FIGUUR 7: Willem Boshoff, *Goedkoop Arbeid*, gemengde-media, 1981.



FIGUUR 8: William Kentridge, *Vorbereitung van die fluit*, multimedia, 2005.



FIGUUR 9: Noria Mabasa, *Slagting ii*, hout, 1970.



FIGUUR 10: Billy Mandindi, *Ritueel*, houtskool & kryte, 1989.

**Reflekteer nou op jou eie vertolking van
EENHEID EN HARMONIE!**

ASSESSERINGSKRITERIA**ONDERWERP 1: BRONBOEK**

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Punte toekenning
Konsep-ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon 	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering	<ul style="list-style-type: none"> Dit moet sommige of al van die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en jou besluite ondersteun. 	15
Prosestekeninge	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik. 	15
Aanbieding en algehele voorkoms	<ul style="list-style-type: none"> Dit moet visueel interessant wees en 'n persoonlike benadering toon. Jou bronboek behoort uit 8 – 10 bladsye te bestaan. 	10
TOTAAL		50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Punte toekenning
Keuse en gebruik van materiaal/ tegnieke	<ul style="list-style-type: none"> Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep Veilig en hanteerbaar Tegniese vaardigheid 	10
Gebruik van formele kunselemente	<ul style="list-style-type: none"> Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie 	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings 	10
Interpretasie en praktiese implementering van navorsing	<ul style="list-style-type: none"> 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema Eksperimentering Pak nuwe uitdagings aan 	10
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	<ul style="list-style-type: none"> Aandag aan detail Taak in aangewese tyd voltooi Aanbieding volgens taak 	10
TOTAAL		50

FINALE PUNT: ONDERWERP 1 (50) + ONDERWERP 2 (50) = 100

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (VOO)

Uitstaande	90 – 100%	Buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend; vlot; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. Uitstaande en oorspronklike aanbieding.
Uitstekend	80 – 89%	Treffende impak; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oorwoë; 'n paar geringe foute sigbaar.
Baie goed	70 – 79%	Goed georganiseerd; soos bogenoemde, maar die 'glans en sprankel' ontbreek; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar ooglopende teenstrydighede/tekortkominge sigbaar.
Goed	60 – 69%	Interessante visuele aanbieding; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelik moeite gedoen met aanbieding; steurende/ooglopende teenstrydighede.
Gemiddeld	50 – 59%	Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede.
Onder-gemiddeld	40 – 49%	Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy kan bydraende faktore wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.
Swak	30 – 39%	Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min moeite gedoen om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie; algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.
Baie swak Druip	20 – 29%	Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weinig of irrelevante werk/visuele inligting; geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.
Onaanvaarbaar Nie behaal	0 – 19%	Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie.

ADDENDUM

ONDERWERP 1: BRONBOEK

- **Daar is geen spesifieke riglyne vir grootte, formaat, uitleg en gevoel en voorkoms van die bronboek nie.**
- Die bronboek moet die proses dokumenteer van begin tot einde.
- Daar moet 'n duidelike skakel wees tussen die geskrewe/visuele inligting in die bronboek en die kunswerk.

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

Aangesien dit 'n eksamen is, mag die kandidaat nie die kunswerk uit die eksamenlokaal verwyder nie. Geen werk mag die eksamenlokaal verlaat nie.

Die kandidaat word aangemoedig om 'n kunswerk te lewer in die medium wat in sy/haar graad 12 jaar ondersoek/beproof/gekies is.

'n Suksesvolle kunswerk is 'n kombinasie van konsep en uitvoering. Klem moet gelê word op die estetiese kwaliteite en energie van die kunswerk.

Die kandidaat is vry om enige styl te kies waarmee hy/sy geëksperimenteer het in sy/haar matriekjaar, insluitende naturalisme, ekspressionisme, gestileerd, abstrak, ens.

In alle digitale/multimedia/nuwe media werk, moet konsep-ontwikkeling en uitvoering 'n belangrike rol speel.

DONKERKAMERFOTOGRAFIE

- produseer 'n stel van ten minste 5 foto's wat met mekaar verband hou.
- Die kandidaat moet die ontwikkeling van die film en die negatiewe by die skool doen onder die toesig van sy onderwyser/toesighouer.
- Plaas al die kontakbladsye, toetsstrokies en waarnemings van die proses in die bronboek.
- Gee aandag en oorweging aan die aanbieding van die werk.

DIGITALE FOTOGRAFIE

- produseer 'n stel van ten minste 5 foto's wat met mekaar verband hou.
- Die digitale grootte moet ten minste A4 in grootte wees.
- Plaas die digitale beelde op 'n CD in die voorkant van die bronboek.
- Handig die bronboek in met ondersteunende inligting, saam met die finale kunswerk(e).
 - Program wat gebruik is bv. Adobe Photoshop 7
 - Alle digitale sagteware prosedures
 - Hulpmiddels/nutsprogramme wat gebruik is om sy/haar beelde te manipuleer
- Skenk sorgvuldig aandag aan die aanbieding van die werk.